adMaths Have the edge at university adPhysics Have the edge at university adAccounting Have the edge at university

Address 61 Protea Road, Protea Heights, Brackenfell, 7560 **Tel:** 021 981 0595 **E-mail:** junior@admaths.co.za **E-mail:** system@admaths.co.za
Web: www.admaths.co.za

Augustus 2023

Geagte Ouer / Voog van ‘n Graad 8 2024 Wiskunde uitblinker

U kind word uitgenooi om deel te neem aan ons uitnemende Graad 8 ***Smart Start*** program.

AdMaths is ‘n ekstra *vak* en nie ‘n ekstra *klas* in skoolwiskunde nie. Die oogmerk van die vak is om ‘n leerder, wat reeds sterk is in Wiskunde of ‘n groot belangstelling daarin het, addisioneel tot die skoolsillabus te stimuleer en te verryk. ‘n Kind versnel ook deur te leer van konsepte en teorie vroeër as die aangewese tyd. Dit maak leerders skerper en laat hulle vinniger snap. Die vak plaas Wiskunde in perspektief en verbreed horisonne.

Beveel universiteite addisionele wiskunde aan?

Baie Suid-Afrikaanse universiteite se voubiljette maak vermelding van “addisionele wiskunde” as hoogs aanbevole. Wiskunde Hoër Graad is in 2007 vir die laaste keer geëksamineer. Baie studente getuig dat *CAPS* Wiskunde hulle nie voldoende voorberei het vir eerstejaarswiskunde op universiteit nie. Alhoewel hulle 80% gekry het op skool, sukkel hulle om aan te pas op universiteit, veral in die eerste ses maande. Vakke soos AdMaths is byna onontbeerlik vir rigtings soos Ingenieurswese, B.Sc., B.Comm. en Aktuariële Wetenskap. Hierdie vakke dien as ideale oorbrugging tussen matriek en universiteit. Eerstejaars is verlore as hulle nie blootstelling op skool aan ‘n onderwerp soos absolute waardes gehad het nie.

Is daar in-persoon kontaksessies?

Vir inligting oor u naaste sentrum besoek www.admaths.co.za >> *PARTICIPATING SCHOOLS.* Die kontaksessies (*Goud* pakket) vind een keer per week in kwartaaltyd plaas en duur 1½ uur. Op die *Silwer* pakket woon leerders die weeklikse, regstreekse webinaarklas by.

Studiemateriaal en assessering

AdMaths se studiemateriaal is al sedert 2005 in ontwikkeling en tel onder die beste van sy soort in Suid-Afrika. Dit word kwartaalliks (elektronies) beskikbaar gemaak op die leerder se profiel en die hardekopie kan deur kliënte bestel word by www.admathsretail.co.za. Alle kliënte word ook gekoppel aan vooraf-opgeneemde videolesings. Informele assessering (“tutoriale”) word ook ingedien.

Pakkette en Inskrywing

Vind ingesluit ‘n blad wat uitbrei oor die *Diamant*, *Goud*, *Silwer* en *Brons* pakkette met hul onderskeie maandelikse paaiemente.

Vir Graad 8 is die jaarfooi op (bv.) die *Goud*-pakket (in-persoon klastoegang, hardekopieë uitgesluit) R6061, wat die som is van 11 betalings van R551 elk van 1 Februarie tot 1 Desember 2024.

Vul die vorm in by www.admaths.co.za >> *APPLY*.

Registrasie

Alle eersteslagdeelnemers betaal ‘n registrasiefooi van R495. Ons stuur ‘n faktuur met bankbesonderhede en ‘n betaaldatum voor of op **Maandag 15 Januarie 2024**.

Goud & Silwer program

Die regstreekse skedule begin in die week van **5-9 Februarie 2024**.

Teken u ‘n kontrak met AdMaths?

Ja, u sal ‘n e-pos ontvang van esign@admaths.co.za. Die kontrak mag beëindig word deur ‘n maand se skriftelike kennis te gee by system@admaths.co.za. U mag migreer tussen pakkette.

Wat gebeur aan die einde van ‘n jaar?

Daar is ‘n R190 administratiewe fooi betaalbaar om die kontrak met nog ‘n jaar te verleng.

AdMaths behou die reg voor om ‘n Goue diens se klas te sluit waarvan die aantal leerders te min geraak het om lewensvatbaar te bedryf.

Ons bied ook AdPhysics en AdAccounting vanaf Graad 10 aan. Hierdie vakke is intellektuele beleggings waarvan die voordele baie wyer strek as bloot die inhoud wat ‘n voorsprong op universiteit bied.

Ons sien uit daarna om die leerder op die program te hê.

Vriendelike groete

Jean Nico de Villiers
Hoof

2024 Graad 8 - 12

PAKKETTE

*Bepalings en voorwaardes geld.
Die jaarfooi word opgedeel in maandelikse paaiemente.

DIAMANT PAKKET

Vir die besige kliënt wat nie tyd aan admin wil afstaan nie

R789 pm per student

- ✓ Weekliks-geskeduleerde in-persoon en/of aanlynklas
- ✓ Aanlyntoegang tot studiemateriaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- ✓ Harde kopieë van die studiemateriaal word afgelewer
- ✓ AdMaths geskenk

GOUD PAKKET

R551 pm per student

- ✓ Weekliks-geskeduleerde in-persoon klas
- ✓ Aanlyntoegang tot studiemateriaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- ✓ Harde kopieë van die studiemateriaal kan bestel word

SILWER PAKKET

R432 pm per student

- ✓ Weekliks-geskeduleerde aanlynklas
- ✓ Aanlyntoegang tot studiemateriaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- ✓ Harde kopieë van die studiemateriaal kan bestel word

BRONS PAKKET

R362 pm per student

- ✓ Geen kontaktyd, slegs selfstudie
- ✓ Aanlyntoegang tot studiemateriaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- ✓ Harde kopieë van die studiemateriaal kan bestel word

Tel: 021 981 0595
E-pos: system@admaths.co.za
www.admaths.co.za

adMaths
Have the edge at university